# LA ROCHELLE

Hoër Meisieskool | Girls' High School Paarl

2016 | no 110

# TRIBUTE PAID TO

We pay tribute to Mrs Beverley Moll who dedicated over 30 years of her professional career to La Rochelle. Her extended family also played a big role in the school. Her husband, Dr Michael Moll, formed part of the governing body during very challenging times, her mother Mrs Yvonne Weiss always helped with the Eisteddfods at school and both her daughters, Jessica and Elizabeth, went to school here. On this note, we also pay tribute to every teacher, hostel, administrative and general staff member who works hard, every day, to make La Rochelle Girls' High School what it is.

## GOODBYE MRS MOLL

*(FROM THE LEARNERS)*

The end of a long and successful career
You may release more than a tear
So much passion and dedication
You clearly deserve a long vacation.

Working with you was always a pleasure
Your friendship is valued more than a treasure
Countless memories over time we have shared
Every day you showed that you cared.

We just want to wish you only the best
Lots of experiences and plenty of rest
This simple poem is no fancy award
I just hope it hit the right chord.

**ZAVIA HAMMOND**



## THE LAST GOODBYE …

*If it were customary to send little girls to school … you would learn just and fully all the subtleties of all the arts and sciences. Indeed, you would understand the world better because women's bodies are softer … and their understanding is sharper* (an adapted quote from *La Cité des Dames – City of Women* written in 1404 by Christine de Pisan: the first professional female author of Western Europe).

In La Rochelle (or Big Larries), we learn and try to understand the arts and sciences. It has been a privilege to spend most of my working life here at La Rochelle. Probably one of the best kept secrets … I was at school here as well and now total almost 40 years of being part of this Larrie Kingdom (the Little Rock). When I left school and went to university, I never imagined returning to my Alma Mater as a teacher. It was the last thing on my mind. As the Wheels of Fortune turned, I came to realize that this Larrie Kingdom with its Music Blok (die Musiekblok … a very good title for a soap opera) had indeed much to offer to little girls who were sent to school. I returned to La Rochelle with fears that I would not be able to do justice to this wonderful institution which makes women proud and worthy of serving our country.

*I worked hard! Anyone who has worked as hard as I did can achieve the same results* (quote by the great Johann Sebastian Bach). I know you work hard and achieve the results. Keep on working hard and this is the kind of comment that appears on your reports. The *Music Block* with its talented, hardworking teachers has been a wonderful source of inspiration to me. We really have something quite special here. Music teaches you brain expansion … lateral thinking. I would like to thank these teachers for all that they have done for me and you at this school. I would also like to thank Ms Lochner, Ms van Aswegen and the staff for all the hard work that they do to achieve the results of making women proud and worthy of serving their country.

We are the Little Rock (La Rochelle) who live underneath and are protected by the Big Rock (Paarl Rock). Let us remember that we live by the grace of God and I am quoting part of a verse from Psalm 115: *To you alone, O Lord, to you alone, and not to us, must glory be given because of your constant love and faithfulness.* Let us go forward with this constant love and faithfulness to ourselves, our families, our school, our country and our faiths.

And so I say as in the *Sound of Music* … so long farewell, auf Wiedersehen, goodbye … till we meet again.

**BEVERLEY MOLL**





A choir of music staff to greet Mrs Moll.

# [AFSKEIDSBOODSKAP AAN JUFFROU MOLL]

Liewe mev. Moll, dr. Moll, mev. Weiss, Elizabeth, juf. Lochner, alle ander eregaste, personeel en Larries,

Dis moeilik om totsiens te sê aan iemand met wie jy so byna 20 jaar lank saamgewerk het! Ek sal probeer om enkele hoogtepunte uit te lig wat ek altyd van jou sal onthou, Beverley. Sy praat nie graag oor haarself nie, maar ek kon darem so 'n bietjie inligting kry, wat versterk wat ek graag wil sê: Sy het haar eie getuigskrif van getrouheid en lojaliteit oor die jare met onuitwisbare ink en musieknote geskryf op die harte van musiekleerders en kollegas. Sy het haar onderwysloopbaan in Januarie 1977 by die Hoërskool Gimnasium begin as mej. Weiss. In 1982 skuif sy oor na La Rochelle. Bietjie later het sy mev. B Moll geword en twee lieflike dogters grootgemaak, terwyl sy – mag ek sê met die bekwame ondersteuning van haar ouers – steeds aanhou werk het en haar deel in die opvoeding van La Rochelle se dogters bly bydra het. Rondom 1989 is sy bevorder tot departementshoof.

Eerstens is daar die waardering wat ek het vir mev. Moll se belangstelling in elke musiekleerder en die moeite wat sy altyd gedoen het om elkeen tot haar eie unieke volle potensiaal te laat ontwikkel. Ek het weer tydens die afgelope Junie se praktiese matriekeksamen gesien watter oulike planne sy maak met die ensemblewerk om elke dogter se talente op hul beste te laat vertoon. Ek het die voorreg gehad om my drie dogters deur La Rochelle se musiekafdeling te laat vorm. Matildie onthou nou nog die heerlike blokfluit-ensemblewerk wat hulle onder mev. Moll se innoverende leiding gedoen het en hoe dit bygedra het om haar 'n bruikbare musikus te maak.

Ek waardeer haar ook vir die moeite wat sy oor BAIE jare gedoen het om musiek in La Rochelle te laat leef, te behou, uit te bou en te laat voortleef. Mev. Moll, ons salueer jou daarvoor, ons sal jou altyd daarvoor eer, en ek belowe om alles in my vermoë te doen om jou nalatenskap te laat voortleef.

Haar unieke Engelse humorsin sal my ook nog lank bybly. Al die musiekgrappies en ander grappies wat sy met 'n vonkel in die oog vertel het, het die dae in die musiekblok dikwels opgehelder.

Haar deernis. My ma het altyd vertel hoe gaaf mev. Moll vir haar was toe Ouma na my jongste moes omsien in die musiekblok tydens *musicals*, en hoe lekker die koffie en tee was wat mev. Moll en mev. Weiss met haar gedeel het. Mev. Moll sal dit waarskynlik nie self onthou nie, maar dit is mos juis die dinge wat jy self nie onthou nie wat soms die grootste indruk op ander maak, en wat jou karakter die beste toon.

Die feit dat mev. Moll altyd baie moeite gedoen het om vir elkeen 'n kans te gee om deel te neem en saam musiek te maak. Ek weet Zavia sal daaroor meer sê, maar die orkes was mev. Moll se geesteskind, en daar het sy gesorg dat elkeen wat kan "saag" of "blaas", die kans kry! Sy was gedurig besig om musiek te verwerk sodat almal kan saamspeel. En dit was altyd 'n *joyful noise.* Ons het spreekwoordelike groot skoene om daar vol te staan.

Mev. Moll, ons gaan jou baie mis. Soos prof. Henry Higgins gesing het in die onvergeetlike *My Fair Lady*: "I've grown accustomed to her face."

'n Ligte afskeidswens:



*You're too happy to worry; Too strong to fear*

*Too noble to lie; Too great to be just good*

*Too precious to be lost; Too tough to lose*

*Too brave to give up; And too special to be forgotten!*

En op 'n ernstiger noot wens ek vir jou en jou mense Romeine 15:13 toe vir die pad vorentoe: "May the God of hope fill you with all joy and peace as you trust in Him, so that you may overflow with hope by the power of the Holy Spirit."

Ek sluit af met 'n aanhaling wat mev. Moll miskien die beste beskryf:

"Where there's music, there can be no evil." – *Miguel de Cervantes*

En die bekende Nederlandse spreuk wat hierby aansluit: *Vrees niet waar weerklinkt het lied, slechte mensen zingen niet.* Mev. Moll, mag jou lewe altyd vol musiek bly!

**ELMIEN THOM**



The music learners say farewell to Mrs Moll.

# ANNUAL REPORT

BESTE OUERS, LA ROCHELLE-LEERDERS EN VRIENDE,

Namens die personeel van die Hoër Meisieskool La Rochelle gee ek hiermee 'n blik op die gebeure van 2016 – die 156ste bestaansjaar van ons skool.

Te midde van die uitdagings wat alreeds aan die begin van 2016 gemanifesteer het met die landwye droogte, dreigende ekonomiese resessie, wêreldwye rassespanning en sporadiese aanvalle en bomontploffings het ons 'n omgewing van rasionele denke en optrede probeer handhaaf in La Rochelle.

Die opvoedkundige, J.C. Kok, skryf in *Die Unie* van 2002 die volgende aangaande die Skool van die Toekoms: "Ontwikkeling van elke leerder se selfbegrip en eie identiteit sal baie meer aandag moet geniet as tans. Dit gaan om die opbou van elkeen se selfvertroue en geloof in die toekoms en wat dit verg om sukses te behaal."



Veertien jaar later verstaan ons maar te goed hoe belangrik die eie identiteit en selfontwikkeling van elke leerder is. Met die toenemende druk van sosiale media raak dit al hoe moeiliker om jou unieke identiteit te handhaaf, maar in La Rochelle moedig ons dogters aan om dit te doen. In 'n artikel, *Being More*, word geskryf: "It is in being more ourselves that we live a life of fulfilment and growth." Dus: Jy kan slegs drome droom, die lewe voluit geniet en sukses behaal as jy jouself ken.

By die eerste saalbyeenkoms van die jaar het ons die leerders aangemoedig om die positiewe bevestiging van die rubriekskrywer John Mullins elke dag vir hulself te sê:

- Ek is in staat om enigiets te doen.
- Ek verdien respek en bewondering van andere.
- Ek kan 'n suksesvolle bydrae tot die wêreld maak.
- Ek is lief vir die lewe en die lewe is lief vir my.
- Elke dag is 'n geleentheid om iets merkwaardigs te doen, al is dit hoe klein.
- Ek ken myself volledig en is ten volle lief vir myself.



Geniet elke Larrie se reis om haarself uit te leef in 2016 in hierdie uitgawe wat vir oulaas saamgestel is onder die wakende oog van ons redaktrise, mev. Mariechen Vermeulen.

## AKADEMIE

Die klem val, soos altyd, eerstens op die matriek-uitslae van 2015: Baie geluk aan die 111 matrieks wat ons trots gemaak het met hul 100% slaagsyfer en klasgemiddeld van 75,7%! 'n Rekordgroep van 105 (94,6%) het toelating tot 'n Baccalaureus-graad gekry en 40 kandidate het 'n A-gemiddeld behaal. Die Dux-leerder, Jette Kirsten, het 'n gemiddeld van 95% behaal met 8 vakonderskeidings. Sy is ook genooi na die WKOD Prysuitdeling vir Top-kandidate by Leeuwenhof. Geniet die spesiale blad met al hul prestasies.

Alle leerders van graad 8 tot 11 is in 2015 bevorder na hul onderskeie grade in 2016! Erkenning is gegee tydens die Akademiese Prysuitdeling, Akademiese Prestige-aand en die Top 10-aankondigings elke kwartaal. Ouers het die geleentheid gekry om tydens die oueraande oor hul dogters se vordering navraag te doen. Rapporte met die uitslae word ook elke kwartaal uitgereik. Spesiale ouer-leerderaande is gereël vir die graad 8's (oriëntering en algemene inligting); graad 12's (vakondersteuning, tersiêre inrigtings se toelatings, algemene gedrag en verantwoordelikhede) en graad 9's (vakkeuses vir graad 10 en terugvoering van leerderassessering).

Ons is trots op ons personeel vir die vakprestasies wat leerders opgelewer het in die graad 12-NSS-eksamen en vir die spesiale toekennings wat hulle van die Drakenstein Munisipaliteit ontvang het. Verder het die taal-afdelings (Afrikaans en Engels) 'n spesiale toekenning van die WKOD ontvang vir die uitslae van die graad 9-sistemiese toetse in 2015. Vir die eerste keer het 'n groep dogters 'n sertifikaat ontvang vir basiese taalonderrig in Xhosa onder die leiding van Eden Language Academy. Baie dankie aan me. Mdayi wat hulle met soveel entoesiasme onderrig het. Hierdie opleiding bevorder hul kanse op toelating tot sekere tersiêre studierigtings.

Die leerders neem op 'n breë platform aan kompetisies, olimpiades en ander geleenthede deel wat tot voordeel van hul tersiêre opleiding in die toekoms strek. Enkele deelnames sluit in die Universiteit Kaapstad Wiskunde-kompetisie, Wiskunde-olimpiade, SA Taalbondeksamen, English Olympiad, Bio Science Olympiad en Wêreldkennis-olimpiade.

Ons is trots op Elouise Lourens (gr. 10) wat nasionaal die eerste plek in die Junior Taalbondeksamen behaal het! Die SAIIA Quiz-span (Algemene Kennis) het 'n skitterende tweede plek uit 50 skole behaal. Michelle Coetzee en Teagan Maher het die Two Oceans Aquarium se program, Young Biologist Course, met sukses voltooi.

Learners were also given the opportunity to attend career exhibitions arranged by the circuit and district office, as well as a variety of tertiary institutions that visited the school. To widen their horizons, Carmari Marais (grade 10) and Marézhan Coetzee (grade 12) formed part of the FSA German Exchange Program that visited Germany. In turn, from this visit and other contacts they acquired, we were privileged to accommodate Sophie Vorholt (Germany) and Natalia Bueno (Spain) with us. We trust that the interaction with the Larries was a positive experience for both these learners.

Feel free to read through the section on the Academic Prize Giving were a greater spectrum of our learners' achievements have been listed.

# [ AKADEMIE ]



JUNIOR BIO-SCIENCE OLYMPIAD – La Rochelle achieved a 3rd place in the country. Front: Minette Farrell, Sammy-Dee Titus, Leanka Lombard, Pyper-May du Plessis, Abigail Johnson. Middle: Caitlin Richards, Amie Grier, Chanél de Kock, Aidam Harmse, Joli Becker. Back: Anouk le Grange, Ansofi Pretorius, Emma Metcalf, Ané de Kock.



LA ROCHELLE TEACHERS ACHIEVE EXCELLENT RESULTS IN THE WESTERN CAPE – Back: Gerhard Kroukamp (Geography 1st in District), Corné Coetzee (CAT 3rd in District), Suné Niemand (Business Studies 1st in District), Adéle Dun (Maths 100% Passrate), Adéle Bothma (Maths Literacy 2nd in District), Elmeri van Heerden (Dramatic Arts 1st in District), Sonnet Vorster (Tourism 1st in District). Front: Marianna Schoeman (Afrikaans Eerste Addisionele Taal 1st in Western Cape), Marieta Steyn & Christa Vos (Afrikaans Huistaal 8th in Western Cape and 5th in District) & Lynette Neethling (English First Additional Language 4th in Western Cape). Inset: Karin Pietersen (Physical Sciences 4th in District).



WISKUNDE OLIMPIADE TWEEDE RONDTE
Agter: Mischke James, Erin-Mari Gleeson, Junelle Rossouw en Emma Basson. Voor: Minette Farrell, Aidan Harmse & Michaela de Lima.




SAIIA QUIZ – Emma Louw, Gaby Vezasie, Annabel Moore, Jessica Louw.



La Rochelle presteer weer in die 2015 LITNUM TOEKENNINGS VIR ALGEHELE UITNEMENDHEID IN AKADEMIESE PRESTASIE GRAAD – 9 met 'n spoggerige 73% Wiskunde gemiddeld en 79% Taal gemiddelde (Engels- en Afrikaans Huistaal): Marieta Laubscher, Adéle Dun, Anél Bergh & Adéle Bothma (Wiskunde-leerkragte), Luzanne Oosthuizen (Engelse-leerkrag), Lizanne Ferreira, Christa Vos & Marieta Steyn (Afrikaanse-leerkragte).



Runners-up of the WCED INTER-PROVINCIAL BUSINESS STUDIES QUIZ – Hesmari Basson, Kelsey Roberts, Micaela Pretorius, Miss Suné Niemand and Saxony Lishman.



XHOSA-KLASSE – Tien van ons Larrie-dogters het vanjaar Xhosa-klasse bygewoon en geslaag. Agter: Daniella van Wyk, Jana Jordaan & Christina du Preez. Voor: Alette van der Merwe, Igna Dreyer, Helena Wiedeman, me. Mdayi (fasiliteerder), Mari Mohr, Bea Visser, Teague Kruger & Anja Visser.

# ANNUAL REPORT

## STAFF

Amidst all the obstacles that education faces nationally, we are still privileged to have a stable group of staff members at La Rochelle. It is delightful to see how young staff members join our ranks, and without hesitation, take up and embody the school's vision. I commend the energy that each staff member puts into their academic and extra-mural tasks.

Ons het aan die einde van die tweede kwartaal afskeid geneem van mev. Beverley Moll, Musiekdepartementshoof, wat in haar 30 jaar by Hoër Meisieskool La Rochelle diep spore getrap het. Haar grootste nalatenskap sal die herstrukturering van die Musiekdepartement wees na die grootskaalse rasionalisering in die onderwys in 1996. Haar bydrae, asook dié van haar familie wat stewige bande met die skool het, word opreg waardeer. Ons beste wense vergesel haar, dr. Michael Moll, Elizabeth en haar moeder, mev. Yvonne Weiss. Die ervare mev. Lise Hayman het haar intussen op 'n meer permanente basis by die hierdie departement aangesluit.

At the start of the year Miss Marli Smith joined us as a new Mathematics teacher and taught the grade 8 to 11 learners. We were privileged to appoint Mr Joerg Neethling (English Home Language) after the resignation of Mrs Marné Blaauw at the end of 2015. Mr Neethling is an experienced and well respected educator in Paarl. It is a joy to see how the learners seep in the knowledge in his classrooms.

Ongelukkig moet ons mev. Mariechen Vermeulen (Le Roux) aan die einde van die jaar groet. Na 'n jaarlange pendelhuwelik tussen die Paarl en Tankwa-Karoo, sluit sy nou permanent by haar man aan. Ons gaan hierdie inspirerende Lewenswetenskappe-kollega mis. Haar klasse gaan in 2017 deur me. Laura Wigmore oorgeneem word. Mev. Hannetjie Naudé, 'n ervare Fisiese Wetenskappe-onderwyser, sluit in die vierde kwartaal as departementshoof by ons aan. Ons glo sy sal 'n merkbare bydrae lewer.

Op sportgebied het mnr. Jannie van den Heever, Leo Nolon en Joël van Eeden as hokkie-afrigters aangesluit en hul professionele aanslag was duidelik te sien in die onderskeie spanne. Ons sien uit na die 2017-seisoen. Oudleerlinge Lindi en Dedri Prinsloo (Matriek 1993) is aangestel as tennisafrigters en ons sien alreeds 'n verskil. Albei het in April as lede van die Suid-Afrikaanse Senior Tennisspan in Kroasië gaan deelneem. Dr. Jaco Blaauw het as permanente lid by die kondisioneringsprogram aangesluit en die min beserings wat ons hierdie jaar ondervind het, is 'n teken van sy enorme bydrae. Mnr. Sors Joubert het sy dienste by ons beëindig as landloop-/langafstand-afrigter en is vervang deur die energieke mev. Ronya Bouwer-Bosch. Mnr. André van der Burgh is al jare een van ons grootste atletiek-fundi's en raadgewers en is vanaf die derde kwartaal amptelik op ons afrigterslys!

Mevv. Tania Potgieter, Tanya Lategan en Frieda Kemp was deel van die netbalafrigtingspan en het ook 'n beduidende verskil gemaak. Mev. Marita van der Sluys het na agt jaar van toegewyde swem-afrigting die tuig neergelê. Die Van der Sluys-familie is al vir jare aan die skool verbonde en Marita se lojaliteit aan die swemmers word opreg waardeer. Mev. Lizette van Niekerk het Septembermaand die nuwe swemseisoen as afrigter begin. Mej. Niena Jones, sport en kultuurorganiseerder, tree as koördineerder op.

In the hostel we say farewell to the following ladies: Mrs Shirley Williams (December 2015) and during this year Mrs Sarah Benjamin (March) and Mrs Margie Andrews (December). Mrs Jennilee Adriaanse joined the hostel staff in April.

Op 'n ligter noot het mev. Danielle Viljoen (Geskiedenis) die lewe geskenk aan 'n seun, Thomas. 'n Paar trotse oumas in ons geledere is mevv. Liana Lourens en Marianna Schoeman met die geboortes van Connor en Ava Monica wat nou hul lewens verryk! Ons is trots op mnr. Frans Botha wat aangestel is as die Franse vakgroep se verteenwoordiger in die Wes-Kaap en mev. Marianna Schoeman wat by Boland Netbal en Wes-Kaap Atletiek as een van die spanbestuurders opgetree het. Mev. Marianna Schoeman was ook 'n genomineerde vir die National Teachers' Awards in die Kaapse Wynland Distrik en ons eie Kristina van Zyl (matriek 2016) was die gasspreker by die geleentheid.

We would also like to thank Miss Adéle Bothma who always encourages her Mathematics Literacy learners to act as tutors in schools where such a need arises. Also a thank you to Miss Thereza Landman who encourages the Miss La Rochelle finalists to partake in community outreach projects.

## [ NEW STAFF MEMBERS ]



Hannatjie Naude
(Department Head Sciences)



Lize Hayman
(Music)



Marli Smith
(Mathematics)



Joerg Neethling
(English Home Language)

## [ TOTSIENS PERSONEEL ]

Mev Mariechen Vermeulen
(Lewenswetenskappe)



## [ PIENKVOETE IN DIE LARRIE-FAMILIE ]



Juffrou Marianna Schoeman se kleindogter Ava



Juffrou Viljoen se seuntjie Thomas



Mev. Liana Lourens se kleinseun Connor

## [ STAFF OUTING ]





## [ CAFÉ FELIX IN RIEBEECK-KASTEEL ]





## [ 4M ]



Die onderwysers vang ook gees.

## [ OUD-LEERLINGE ]




Tweelingsusters, Dedri en Lindi Prinsloo (Matriek 1993) het Suid-Afrika verteenwoordig by die ITF Jong Seniors 40+ Wêreldtenniskampioenskappe in Umag, Kroasië.



BLADSY GEBORG DEUR LINDI & DEDRI PRINSLOO

## INSTANDHOUDING

Die voortslepende sage rondom die grondeis op die hokkieveld in Bredastraat is steeds nie opgelos nie. Gesprekke rondom hierdie kwessie is met die Ministeries van Onderwys en Openbare Werke hervat. Hopelik sal ons in 2017 meer klaarheid daaroor kry. Intussen word die En Avant Sentrum optimaal benut met hokkie- en netbalwedstryde, sowel as 'n intensiewe kondisioneringsprogram. Die oppervlakte van die netbalbane is opgradeer en ons beplan om in die behoefte aan ekstra klaskamers te voorsien deur twee opslaanklasse te bou.

In the hostel, the Larries are delighted that the renovations to the middle bathrooms in the Rose and Green Passages have been completed under the watchful eye of Mr Leslie Watson! A big thank you goes to the hostel committee for their creative inputs with regards to the final changes in the recreation hall.

## AANBIEDINGS

Dit is onmoontlik om reg te laat geskied aan die talle geleenthede wat vir die leerders gebied word. Hier volg 'n opsomming van gebeure wat nie alreeds elders genoem is nie.

### KAMPE/SEMINARE/OPLEIDINGSESSIES

- La Rochelle-fiksheidsoefenkamp voor die aanvang van die nuwe skooljaar;
- Gr. 8-oriënteringskamp, Gevonden Farm, Rawsonville;
- VCSV/SCA-leiersopleiding by SCAS, Jonkershoek;
- Tweedaagse Noodhulp Vlak 1-opleidingskursus;
- *Peercoaching*-projek: Opleiding van Gr. 11 en 12 "Forever You", wat weer op hul beurt die Gr. 8's opgelei het;
- Leerderleierskonferensie, in samewerking met ons borg, die Universiteit van die Vrystaat, dr. Muavia Gallie tree as gasspreker op. Leerderleiers van die Onderwysdistrikte Kaapse Wynland, Overberg en Weskus daag in groot getalle op;
- Landsdienskampe by Touwsrivier, Grabouw en Llandudno;
- Die Franse Fees, aangebied deur mnr. Frans Botha en sy span, is na 'n suksesvolle eerste jaar weer aangebied;
- Opleidingskamp by Riebeeck-Wes vir die studenteraad, koshuisprefekte en graad 11-VRL-lede;
- Gr. 11-seminaar by Marlenique Landgoed, Simondium, (vir alle matrieks van 2017) om La Rochelle se verwagtinge uit te spel;
- ATKV-leierseminare: Gr. 11 (Junie); nuwe hoofleiers (Desember) by Goudini;
- Gasvryheidsopleiding en -uitstappies na *Benguela Cove* (Gr. 12), *Mount Nelson Hotel* (Gr. 11) en *Zomerlust Restaurant* (Gr. 10);
- Graad 12-lewenswetenskapuitstappie na Tygerberg Hospitaal;
- Graad 10-besigheidstudie-markdae waar hulle hul entrepreneursvaardighede wys;
- Fitness and Conditioning Expo in the En Avant Centre;
- Graad 11's hou 'n kaskarkompetisie as fondsinsamelingsprojek.

### GLAMOUR OCCASIONS

- Valentine's Dance organised by Gr 11's;
- Gr 10 Dance with their "*Once upon an enchanted evening*" theme;
- The Student Councils High Tea with Girls' High in our Club House;
- Miss La Rochelle crowning with the extraordinary theme of *Big City Lights* where Tiffany Mourries was crowned as Miss La Rochelle, with her princesses Michaela Sampson and Jeanne-Marie Rousseau. The judges were: Byron Keulemans (Photographer), Justine Kroes (Assistant Beauty Editor, *Rooi Rose*), Wouter Lombard (Hoof: Talent & Transformasie, M & C Saatchi Abel), Marguerite Oelofse (Photographer), Mias van der Westhuyzen (model, medical student at US);
- Hostel farewell dinner with the theme *Living in the moment*; and
- Matric farewell at Kronenburg: The Gr 11's took our breath away with their theme "Floating World" and the beautiful matric ladies did us proud!

### SPECIAL ASSEMBLIES AND OUTINGS

- World Prayer Day for Women with speaker Mrs Elmien Thom;
- Pass-over service with speaker Mrs Christa Vos;
- Interhouse Bible Quiz;
- General Knowledge Examinations;
- Interact Outings and special projects;
- Father and daughter evening and the 4G Big Brag, creatively organised by the Student Council;
- Mother and daughter evening and Fruit Festival by the Representative Council;
- Sotte and Miladies picnic;
- Maynardville English Outing to experience the Shakespeare production, *Othello*;
- Parent evenings: Term 2 and 3, Grade 8 Introduction to La Rochelle, Grade 12 Tertiary Institutions Expectations and Information and Grade 9 Subject Choices Meeting;
- Two Sport and Cultural Prize-Givings;
- Besoeke aan die Fugard- en ArtsCape-teater;
- Kultuuruitstappies na Sutherland en die middestad van Kaapstad;
- Grade 10 English First Additional Language visits the Jewish Museum; and
- Die Toerisme-departement toer tydens die Junie-vakansie na Europa.

As stated in our vision, we firmly believe in extra-mural participation to enhance a balanced school lifestyle. During admission of new learners, we place a high priority on proof of current participation.

## [ KAAPSE TOER ]





## [ LEARNER LEADER CONFERENCE ]



1


2



3

La Rochelle Girls' High School hosted the 7th Learner Leader Conference for 250 learners from 45 different schools from the Winelands, West Coast and Overberg Educational Districts. The Conference with the theme, MAKE A DIFFERENCE, was once again sponsored by the University of the Free State. Guest Speakers included Dr Muavia Gallie, an Independent Education Specialist in turning around dysfunctional and under-performing schools, as well as Hannah Edinger, an Associate Director of Deloitte, where she leads the *Research and Thought Leadership Team*. The Friday afternoon was concluded with guest artists Emo Adams, the multi-talented marvel of crooning and comedy and Sean de Vries, the leader of *The Take Note Band*.

1 Guest speakers Jacobie Müller, Dr Muavia Gallie & Hannah Edinger. 2 Learners from across the Winelands, West Coast and Overberg Educational Districts attended the annual Learner Leader Conference. 3 Tiffany Mourries, Willow-Ruby van der Berg (Deputy Headgirl), Emo Adams, Miss Amanda Lochner (Principal), Sean de Vries, Mrs Marianna Schoeman & Alette van der Merwe (Headgirl).

## [ NUWE RUIMTES IN DIE LA ROCHELLE KOSHUIS ]


Fontein


Ontspanningsvierkant in die middel van die koshuis


Nuwe badkamers


TV-kamer vernuwe

## [ STUDENT COUNCIL CAMP ]



twintigsestien

## [ MATRIC FAREWELL ]











## [ MISS LA ROCHELLE ]

Opening Scene – So Vogue in the Big City.






**THE JUDGES** – Mias van der Westhuyzen, Marguerite Oelofse, Byron Keulemans, Justine Kroes & Wouter Lombard

Light From Within and Miss La Rochelle Outreach.



## [ SUTHERLAND UITSTAPPIE ]







## [ VCSV-KAMP ]



## [ BESOEKERS ]



Annual 4G Swimming Function with Di-Andi Fontini



Carmari Marais and exchange student Sophie Vorholt (Germany)



Exchange Student, Natalia Bueno (Spain), with host family Nina and Gabriella Afonso



Franse besoekers by La Rochelle



DEON MEYER LOXTON BOEKEPROJEK – Die Larries samel oor die 3 000 boeke in vir die Primêre Skool J.J. Booysen. Marianna Schoeman, Marieta Steyn, Jana Scholtz, Deon Meyer, Beulah van den Heever, Christa Vos en Amanda Lochner (Skoolhoof)

# ANNUAL REPORT

## SPORT EN KULTUUR

Ons het ons weer verlustig aan die talle prestasies en deelname deur die leerders op sport- en kultuurgebied. Die Sport- en Kultuurprysuitdeling gee 'n volledige uiteensetting van hul prestasies. Lees ook die verslae van die onderskeie kapteins en voorsitters. Die buitemuurse program is "alive and well" in La Rochelle!

Hiermee enkele hoogtepunte:

- Protea-colours were awarded to the following sport stars: Zanés van Hüyssteen for Light Tackle Boat Angling; Tonet Talie for Judo; Kim Ayford for Jukskei;
- Die atlete het die 4M-interskole vir die vierde agtereenvolgende jaar met 'n rekordgroottotaal gewen! Verder is die span as die wenner aangewys in die skolesport-afdeling by die Sportbanket van Kultuursake en Sport van die Wes-Kaap Regering.
- Tydens die finale rondte van die ATKV Applous-kompetisie het die skoolkoor die meisie-afdeling vir hoërskole met 'n skitterende goue sertifikaat (85,7%) gewen. Die koor se aanbieding van 'n Afrika-lied (Emarabi) is ook as die beste uitvoering aangewys.
- Die o/14A-netbalspan was die eerste span in La Rochelle-geledere om aan die SA Topskolebyeenkoms in Boksburg te gaan deelneem. Jana Scholtz het die netbal verder trots gemaak deur opgeneem te word in die SA Top 35 se o/18-groep. Ses spelers is opgeneem in Wes-Kaapspanne wat aan die nasionale toernooie deelgeneem het. Twee spelers was lede van die Bolandspan wat goud verower het by die Interstreektoernooi van die Wes-Kaap.
- Eleven hockey players formed part of the Boland Interprovincial and/or district teams. Two of the teams received gold medals.
- The All Girls' Festival, where sport and culture collide, remains a highlight on the school calendar. This year's team consisted of a group of 52 learners and 13 staff members at Durban Girls' High School.
- Our debaters have once again lived up to their motto "Arguably the best" with a full and successful year. Our Senior A team ended 5th overall at the All Girls' Festival, with Jordan Willett named as the 3rd Best Speaker. Our six League teams fared very well, with our Senior A and B teams placing 1st and 2nd in the Boland and our Junior A team placing 2nd. Two junior and two senior teams competed at the Western Cape Provincials, with two junior and two senior learners being selected for trials. Yanganani Sibeko and Cassidy Wagner have been selected to compete in the South African Championships and are currently undergoing extensive training. We also joined forces with New Orleans Secondary to place 3rd in the Education Africa Western Cape Model UN Conference (Jordan Willett and Gaby Vezasie) and most recently two teams participated in a SAIIA Mini-MUN competition, where Jordan Willett, Sammy Chordnum and Yanganani Sibeko won Best Position Paper and Best Delegation, while Michaela Riek won Best Speaker.

## [ NETBAL ]


1


2

WES-KAAP NETBAL

1 Jana Scholtz (o/18), Georgina Kapa (o/15), Shani Botha (o/14), Kaylie Lategan (o/14) en Kerrin de Nobrega (o/13)

2 Tatum Maher o/15

## [ SA NETBAL TOP-SKOLE ]



Agter: Hana Sullivan, mev. Anél Bergh (afrigter), Isabella Dixon, Tonet Tallie, Rebecca Willemse, mev. Tanya Potgieter (afrigter) en Danelle Venter. Voor: Caitlyn Gilmore, Shani Botha en Kerrin de Nobrega



WES-KAAP HOËRSKOLE INTERDISTRIKTE NETBALTOERNOOI
Leandra Custodio (o/16), mev. Marianna Schoeman (Spanbestuurder) en Isabella Dixon (o/14) ontvang goue medaljes.

## [ WESTERN CAPE SCHOOL TEAM OF THE YEAR AWARD ]



Our Athletics Team won the Cape Winelands and Western Cape Sport School of the Year Award and has been invited to the Nationals as one of the three finalists for the year.

Angeline Smit (Athletics Team Captain) & Valencia Fredericks (Nominated Junior Sportswoman of the Year)

## [ ATKV SPELATHON ]



Mia Oberholzer (4de) & Carmari Marais (6de)

## [ UITREIK ]



Interact at the Drakenstein Association for People with Disabilities.

## [ MODEL UN ]



La Rochelle en New Orleans place 3rd in the Education Africa Western Cape Model UN Conference.

## [ PROVINCIAL DEBATING ]



A record number of La Rochelle debaters progressed to the Provincial tournament this year, held at UCT.

## [ KOOR ]



LA ROCHELLE SE MEISIEKOOR PRESTEER BY DIE ATKV-APPLOUS KOORKOMPETISIE: Mev. Elmien Thom (Begeleidster), Lauren Pharaoh (Voorsitter), Zenka Deetlefs (Ondervoorsitter) & mnr. Johannes Schickerling (Koorleier)

## [ SÊR 2016 ]



Psalm 121: "The Lord will keep you from all harm –
He will watch over your life;
The Lord will watch over your coming and going
Both now and for evermore..."

## BEDANKINGS

Ons groot taak by La Rochelle bly om 'n veilige, skoon, stimulerende akademiese omgewing vir die dogters te skep – 'n omgewing waar emosionele groei kan plaasvind en waar 'n klimaat van samewerking en respek tussen personeel en leerders kan heers. Dan is ons gereed om jaarliks meer as 100 gebalanseerde jong dames uit te stuur wat 'n verskil kan maak in 'n werkplek, die gemeenskap en hul families. Om dit te kan verwesenlik het ons die bydrae van al die rolspelers nodig en ek bring hulde aan almal wat bygedra het om dié omgewing te skep:

- Die amptenare van die WKOD.
- Mnr. Juan Benjamin, Direkteur van die Kaapse Wynland Onderwysdistrik en sy personeel.
- Mev. Linda Marais, kringbestuurder van Kring 6, vir haar ondersteuning en raad.
- Die skoolbeheerliggaam en al die subkomitees vir hul samewerking en lojaliteit. Ons neem vanjaar afskeid van mnr. Kockie van der Merwe (voorsitter) en Rico Basson (onder-voorsitter en tesourier) wat die tuig moet neerlê nadat hul onderskeie dogters, Jani en Hesmari in hul matriekjaar is. Albei hierdie here het met hul insig en onderskeidingsvermoë 'n reusetaak verrig. Ons eer hul bydrae en wens hulle alles wat mooi is toe vir die toekoms.
- Lede van die La Rochelle, Ruyswyck en En Avant Trusts.
- Die oudleerlingbond onder leiding van mev. Josephine Spies.
- Mev. Maria Bellmunt en al die ouers wat haar bystaan tydens OOV-funksies, asook mevv. Wendy de Nobrega (Gr. 10-dans), Lynette Hugo (Valentynsdans) en Ronya Bouwer-Bosch (Matriekafskeid).
- Die koshuis met hul onderskeie groeperings verdien net lof en dank. Aan mevv. Sonnet Vorster, superintendent, en Lida Hendrikse, koshuisbestuurder: Baie dankie vir jul ongekende ywer en die wyse waarop jul die personeel bestuur en die koshuis-ouerkomitee betrek.
- Mnr. Peter Whitmore en sy span vir lang ure van harde werk en sweet! Sonder julle bydrae kan die gewone dagtake en spesiale funksies nie plaasvind nie.
- Mevv. Liana Lourens, Elizabeth Ulyate en Christa Bothma wat al die administratiewe take, finansiële sake en ouer-navrae met grasie hanteer.
- Die skoolbestuurspan vir hul insette tydens beplanning- en besluitnemingsprosesse. Dankie ook aan me. Nadene van Aswegen, adjunkhoof, wat ten spyte van haar akademiese lading, so 'n ondersteuningsrol speel.
- Die onderwyspersoneel vir hul vakkundigheid, asook ondersteuning aan die leerders. Julle is die ruggraat van La Rochelle!
- Die leerlingleiers en al die verenigings/klubs/spanne/komitees wat skool lewendig en opwindend vir die dogters maak.
- Aan elke leerder van 2016 met hul ondersteunende ouers of voogde: Omdat julle **is**, **is** ons La Rochelle!

A Dutch philosopher from the 17th century said: "To be what we were born to be and to become what we are capable of becoming, is the only end in life."

I believe that in this space where we live in an environment of **L**ove, **A**cceptance and **R**espect, girls still get the opportunity "to be the best they can be" AND to become what they are capable of becoming.

May we enter 2017 with all its challenges with renewed hope and energy, and may we find the strength to do so.

**En Avant!**
**ME. AMANDA LOCHNER**
**2016-09-30**

